AGRI SA SE 2011-KONGRES: MOSIES EN KONGRESBESLUITE

Agri SA se Kongres is op 13 en 14 Oktober 2011 by die Misty Hills Hotel en Konferensiesentrum by Muldersdrift aangebied. Die Kongres se tema was *"Politieke en Ekonomiese Dimensies van Verandering".*

Mosies

Die volgende mosies is aanvaar:

- Meegevoel met die naasbestaandes van lede wat die afgelope jaar heengegaan het asook landbouers, plaaswerkers en hul gesinslede wat die afgelope jaar as gevolg van geweldsmisdade of natuurrampe, beserings opgedoen het of trauma ervaar het.
- Dank vir optrede deur die polisie wat daartoe bygedra het om die landelike misdaadvraagstuk te bekamp.
- Waardering vir die hulp wat aan boere in die Vrystaat en Noordwes provinsies beskikbaar gestel is na vernietigende veldbrande.
- Erkenning aan Agri Gauteng en sy boerelede vir die voedselhulp en die algemene bystand wat aan die gemeenskap van Duduza verleen is na 'n verwoestende tornado wat die woongebied geteister het.

Eiendomsreg as Voorvereiste vir Investering en Produksie

Die Kongres het Agri SA se verbintenis tot grondhervorming bevestig, wat kan bydra tot:

- Die verbreding van deelname aan die kommersiële landbou.
- Die bereiking van nasionale doelwitte ten opsigte van nasionale voedselsekerheid, werkskepping en landelike ontwikkeling.
- 'n Lewensvatbare en stabiele landbou-omgewing.
- Die ontsluiting van landbou-ontwikkelingsgeleenthede in kommunale gebiede.

Die Kongres het kommer oor:

- Falings met beleid-implementering wat tot frustrasie met stadige vordering aanleiding gee.
- Ontoereikende samewerking en/of vennootskapsverhoudinge tussen die Staat en sektor-rolspelers om koste-doeltreffende en versnelde vordering met beleids-implementering te fasiliteer.

- Die onbekostigbare en ontwrigtende effek wat die gesloer met die grondeise-proses op volhoubare landbou het.
- Die moontlike heropening van die grondeise-proses.
- Die implikasies van die PLAS-program wat as ‘n vorm van nasionalisering van landbougrond beskou word.
- ‘n Toenemende miskenning in regeringsgeledere van die waarde van ‘n markbenadering ten opsigte van eiendomsreg en ekonomiese ontwikkeling.
- ‘n Gebrek aan koördinasie ten opsigte van beleidontwikkeling en -toepassing waarmee grondhervorming vir doeleindes van landbou-ontwikkeling gerig word.
- Ontoereikende navorsing en inligting wat beleidontwikkeling en die monitering van vordering met beleidsimplementering rugsteun, met inbegrip van ‘n databasis oor grondbesit wat na verskeie jare se pogings nog nie in plek is nie.
- Beleidsvoorstelle wat nie die werklike oorsake van falings met grondhervorming identifiseer en aanspreek nie.
- Sekere elemente van die Groenskrif op Grondhervorming wat die winsgewendheid en volhoubaarheid van die landbou in gedrang bring en daarvan ‘n onwerkbare plan vir vordering met grondhervorming maak.
- Die onvermoë van die Staat om met meer intervensies in die grondmark hul prestasie met implementeringsbestuur te verbeter of om daardeur vertroue by die landbou-beleggersgemeenskap te skep.
- ‘n Gebrek aan genoegsame konsensus tussen rolspelers in die bedryf en die regering oor watter beleidsrigtings oor grond in die beste belang van die landbou is ten einde die bedryf in staat te stel om nasionale doelwitte te bereik.
- Die lae prioriteit wat landbou teenoor mynbou-ontwikkeling het met die gevolglike vernietiging van die langtermyn potensiaal van skaars landbouhulpbronne ten koste van die korttermyn voordele van mynbou-ontwikkeling.

Die Kongres verwelkom die regering se bereidwilligheid om oor die inhoud van die Groenskrif op Grondhervorming te onderhandel (“to engage”). Agri SA sal hierdie bereidwilligheid van die regering ten beste benut met die volgende uitgangspunte vir sy insette:

- Beleid, wetgewing en programme moet binne die raamwerk van die Grondwet ontwikkel en geïmplementeer word.
- Privaat-eiendomsreg moet gerespekteer word en met behoud van markbeginsels, die voorkeurbenadering van toegang tot grond wees.
- Sekerheid, beleggersvertroue en volhoubaarheid moet nagestreef word.
- Samewerking van ander rolspelers in die voedsel-waardeketting moet verkry word.

- Vennootskappe tussen die Staat en rolspelers in die bedryf moet ‘n belangrike element van implementeringsbestuur wees.

- Goeie inligtingstelsels moet ontwikkel en toepassing vind om bestepraktyk-benaderings te bevorder en algemene vordering te evalueer.

- Die afhandeling van die restitusieprogram moet geprioritiseer word sodat die onsekerhede wat daaroor bestaan uit die weg geruim kan word en sodoende die weg kan baan vir sneller vordering met die herverdelingsprogram.

- Die herkapitalisering en herstel van vervalle plase moet ‘n prioriteit bó die van PLAS-grondaankope wees.

- Aspekte soos die beter seleksie van begunstigdes, voldoende en goed gekoördineerde na-vestiging ondersteuning en vennootskapsverhoudinge met ervare kommersiële boere moet elemente van programme wees om ‘n groter sukseskoers te behaal.

- Daar geleentheid vir alternatiewe benaderings tot grondhervorming moet wees as dit wat in die Groenskrif op Grondhervorming voorgestel word.

Oor **botsende ekonomiese aansprake op natuurlike hulpbronne** besluit die Kongres dat die volgende optrede gevolg moet word:

- Die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye moet versoek word om as kampvegter op te tree vir die beskerming van landbougrond en ander hulpbronne waarvan die bedryf afhanklik is en in die besonder om ‘n gelykwaardige waardering van landbou se aanspraak op natuurlike hulpbronne teenoor dié van mynbou-ontwikkeling te beding.

- Gapings in landbou-, mynbou- en omgewingswetgewing en die toepassing daarvan moet geïdentifiseer word en voorstelle vir regstellende maatreëls ontwikkel word.

- Omgewingsbelangegroepe asook openbare figure se begrip, ondersteuning en samewerking vir gekoördineerde bewaringsgerigte praktyke moet verkry word (nasionaal en internasionaal).

- Lede van die die betrokke portefeuljekomitees in die Parlement en die Nasionale Beplanningskommissie moet ingelig word van die leemtes in die betrokke wetgewing, die gebrek aan toepassing daarvan en moontlike oplossings moet aangebied word.

- Volgehoue druk oor omgewingskwessies wat landbou-hulpbronne benadeel, moet in die media gehandhaaf word.

- Affiliasies en grondvlaklede moet deur middel van werkswinkels ingelig word oor hul regte teenoor die regte van mineralereghouers.

- Die Openbare Beskermer moet as ‘n opsie oorweeg word om leemtes met die implementering van wetgewing op te neem.

- Beleids-ontwikkeling oor die benutting van hernubare en omgewingsvriendelike energiebronne moet ‘n prioriteit wees sodat dit as lewensvatbare alternatiewe vir steenkool- en skaliegasenergiebronne kan dien.

Beleidsuitdagings om Belegging en Ontwikkeling in die Landbou

Oor beleidsuitdagings om belegging en ontwikkeling in die landbou te bevorder is die volgende onderwerpe bespreek en besluite deur die Kongres aanvaar:

Navorsing

- Beskikbare navorsingskapasiteit moet geëvalueer word, veral gegewe die afname van 41 persent in navorsers by LNR
- Openbare *versus* privaatsektor-navorsing moet duidelik onderskei word aangesien dit impakteer op finansiering en kapasiteit.
- Amptelike erkenning moet vir Dieregesondheidsforum verkry word.
- Fragmentering met dienslewering tussen nasionale en provinsiale departemente moet uitgewys en reggestel word.
- Advieskomitees van kundiges moet per fokusarea aangestel word vir die monitering van navorsing, byvoorbeeld vir sanitêre of fito-sanitêre maatreëls.
- Die LNR moet ‘n loopbaangerigte benadering vir navorsers toepas.

Infrastruktuur

- ‘n Padinsfrastruktuur- en onderhoudsfonds moet daargestel word om die agterstand en uitdagings ten opsigte van padonderhoud op provinsiale en plaaslike vlak aan te spreek.
- Agri SA moet voortgaan om met Telkom SA en ander privaatsektor diensverskaffers te skakel ten einde bevredigende oplossings vir die telekommunikasie probleme in landelike gebiede te vind.

Klimaatverandering

- Die “*Navorsingsraamwerk vir Klimaatverandering: Landbousektor-ontleding”* moet deur Agri SA en sy affiliasies bestudeer en in ag geneem word met beleidsontwikkeling. Verder is aspekte soos CO_2 emissies in verhouding tot plant-reaksie, oesopbrengste, ruimtelike verskuiwing in oespatrone, belegging en tegnologiese verandering aangeleenthede van praktiese belang vir toekomstige landbou-ontwikkeling.

Inligtingsbehoeftes

- Toeganklikheid van markinligting is ‘n vereiste vir markgerigte besluitneming en moet nie gekoppel word aan die *“koopvermoë”* van diegene wat inligting benodig nie.
- Regspresedente en uitsprake van die Mededingingstribunaal behoort nie bepalend te wees vir die beskikbaarheid van markinligting nie. Die Nasionale Landboubemarkingsraad en Mededingingskommissie moet tot ‘n vergelyk gebring word

ten opsigte van regulasies en riglyne gerig op die versameling en beskikbaarstelling van markinligting.

Deelname aan waardekettings

- Skep ‘n fasiliterende en bemagtigende omgewing ten opsigte van mededinging, infrastruktuur, hulp aan kleinhoeweboere sowel as met betrekking tot ‘n handel- en tariefbeleid vir die landbou.
- Wal-Mart en soortgelyke buitelandse investeringsinisiatiewe moet deur Agri SA geëvalueer word op grond waarvan insette tot die beleidsprosesse gelewer moet word.
- Opsies vir boere-deelname in netwerke en waardekettings moet geïdentifiseer en uitgeoefen word binne die konteks van die Nuwe Groeipad en die Industriële Beleid Aksieplan.

Afrika-ontwikkeling

- Ten opsigte van sy betrokkenheid by landbou-ontwikkeling in Afrika, moet Agri SA met gasheerlande direk, óf met regeringsbetrokkenheid óf deur middel van internasionale strukture soos NEPAD, die Verenigde Nasies of die Afrika Unie skakel. Met die oog op die behoud van integriteit moet skakeling verkieslik nie deur middel van konsultante, makelaars of ander private tussengangers geskied nie.

Handels- en tariefbeleid

- ‘n Invoer-vervangingstrategie, wat werkskepping en voedselsekerheid ondersteun, moet ontwikkel en geformaliseer word.
- Toepaslike invoerbeskerming moet oorweeg word vir spesifieke bedryfsvertakkinge wat van strategiese belang is.
- Gesubsidieerde invoerbare landbouprodukte moet nie voorkeur-toegang geniet nie.
- Strenger en vinniger reaksie op oortreders van bestaande vryehandel-ooreenkomste word benodig.

Werkskepping in die landbou

- Minder rigiede arbeidswetgewing kan werkskepping in die sektor verhoog. Daarom het Agri SA kommer oor gepubliseerde voorstelle vir ‘n meer rigiede wetlike bedeling wat tans by Nedlac onder oorweging is.
- Die opvoeding en opleiding wat nuwe toetreders benodig moet geëvalueer word in noue oorleg met toepaslike landbou-opleidingsinstellings (AgriSETA, FET’s, ens.).
- Die Wetsontwerp op Verblyfsekerheid moet uit ‘n werkskepping-perspektief nagegaan word.
- Horisontale en vertikale geleenthede in die landbou moet benut word, byvoorbeeld die potensiaal van onontwikkelde of verwaarloosde besproeiingskemas.

Verkiesing van ampsdraers

Johannes Möller en Theo de Jager is onderskeidelik tot die amp van President en Adjunk-president verkies. Robin Barnsley is tot voorsitter van die Algemene Sakekamer en Neels Ferreira tot voorsitter van die Bedryfskamer verkies.

Grondwetwysiging

Agri SA se grondwet is gewysig om voorsiening te maak vir die insluiting van die voorsitters van die Algemene Sakekamer en Bedryfskamer in die Bestuurskomitee. Die Bestuurskomitee bestaan dus nou uit die President, Adjunk-president, Uitvoerende Direkteur en die voorsitters van dié twee kamers.